NATIONAL SHOOTING ASSOCIATION

Accredited with SAPS (CFR) as
Hunting Association: FAR 1300050
Sport-shooting Association: FAR 1300088

34 Minni Street,
Clydesdale, Pretoria, 0002.
PO Box 190, Menlyn, Pretoria, 0063.
Tel: 012-343-3236 | 012-343-1078
Fax: 0865 113 555
Email: admin@natshoot.co.za
Web: www.natshoot.co.za

Responsible and Accountable Firearms Ownership

16 April 2014

Vol. 10(3) – 16-04-2014

Newsletter

NSA YOUNG HUNTERS TRAINING COURSE

(*Afrikaanse teks volg na die Engelse teks*)

NSA will, on initiative taken by Zeiler Dearlove (valued NSA member), present a training course for young hunters during the July 2014 school holidays.

We are all aware of our whirling time schedules at work, that our time in the bush is far to short, and that there is just not enough time to really teach our own young hunters all the physical and mental skills necessary to become part of that common heritage of hunting you and I share so comfortably. We also know that our young hunters will be under much more pressure in their participation in what we all accept as our cultural right in the execution of The Hunt.

The course is meant for learners (in my days we were scholars) 15 years and older and will be presented from 1 to 3 July 2014 and again from 7 to 9 July 2014, depending on interest; with the understanding that if not enough interest is shown to fill the two course dates, only the first course dates will be used. We can accommodate and with responsibility handle a maximum of 15 young hunters on a course.

The course will consist of the following 5 modules, which will be followed up with a one day workshop the following year (in this case early 2015) where emphasis will be on theory and where our young hunters will qualify for NSA dedicated hunter status.

The 5 Modules to be presented are:

Module 1: Hunting is Conservation (theoretical – interactive workshop):
- The Hunt (responsibility and accountability)
- Hunters Code (Four core values and what they really mean)
- Principles of sustainable use of renewable natural resources

Module 2: The Hunters' Toolkit (theory – interactive workshop)
- Firearm Safety
- Hunting Firearms and calibres (firearm technologies)
- Common Game animals and shot placement

- Ballistics (introduction)

Module 3: Basic Hunting and Shooting Skills (Practical – 22LR)
- Practical firearm handling and firearm safety
- Practical hunters' shooting skills – shot placement
- Basics of hunting techniques

Module 4: Learning from those who have been there (interactive workshop with proven hunters)
- Discussions on lessons learnt in the hunting veld
- Conversations: Myths and stories

Module 5: Practical field work
- Basics of tracking
- Practical game animal identification and stalking
- Take and put back - from the veld

Note: none of the above Modules imply a situation of "his masters voice" where information is passed in a "top-down" approach. Participating young hunters will be required to actively participate in debate and in discussion – it's the only real way of learning, and of forming an own opinion on why we do what we do when participating in The Hunt.

If you would be interested to have your young hunter participate in what promises to be of high value in ensuring the responsible continuance of our common hunting heritage, you must please, rather quicker than later, contact Zeiler Dearlove at zeiler.nsa@gmail.com or on 071-488-0291 for further information and for enrolment of your young hunter in this course (everything dad would want to know and everything mom would want to make sure of).

The course will cost R1200-00 per participant for two nights' comfortable accommodation (we are not camping), course work and study manuals, light breakfast, brunch and evening meals, use of firearms and ammunition plus targets, transport and the field trip for presentation of Module 5, transport from collection point to farm and back, and 2 years' junior membership of NSA; with the follow-on one day workshop in 2015 for a nominal additional amount, resulting in your young hunter achieving the status of dedicated hunter with NSA.

We have to responsibly ensure the future of our heritage of hunting in this country. Here is a chance for you to be part of taking out that insurance policy

The first two courses of this kind will unfortunately only be presented in Gauteng (North-East of Pretoria close by), to determine interest and workability of the course.

This, however, does not mean that NSA members who feel they have the same energy, inclination and initiative as Zeiler Dearlove has shown, could not also present the same course in their specific geographical region. Please contact the NSA office if you feel you would want to give it a go. Zeiler has indicated that he will share all information and experiences with you, so that you would have the benefit of learning from his courses.

Kind Regards
Herman Els

NSA JONGJAGTERSOPLEIDINGSKURSUS

NSA sal, na aanleiding van die inisiatief van Zeiler Dearlove (gewaardeerde NSA-lid), 'n Jongjagters-opleidingskursus gedurende die Julie-skoolvakansie aanbied.

Ons is almal maar al te bewus van die snelle pas waarteen ons eie tydskedules werk, dat ons tydjies in die bos maar al te kort is, en dat daar net nie voldoende tyd is om vir ons eie jongjagters met kundigheid in die fisiese en geestelike aspekte van Die Jag voor te berei nie. Ons is netso ook daarvan bewus dat ons eie jongjagters onder baie meer druk sal verkeer in die uitoefening van wat ons almal as ons kulturele reg tot die beoefening van Die jag beskou.

Die kursus is bedoel vir leerders (in my tyd was ons nog skoliere) 15 jaar en ouer en sal van 1 tot 3 Julie 2014 en weer vanaf 7 tot 9 Julie 2014 aangebied word, afhangende belangstelling; met dien verstande dat as daar nie voldoende belangstelling is om die tweede kursus te vul nie, die kursus slegs oor die eerste datums van Julie aangebied sal word. Ons kan 'n maksimum van 15 deelnemers op 'n slag akkommodeer en sinvol met verantwoordelikheid hanteer.

Die kursus bestaan uit 5 modules wat in die daaropvolgende jaar (in hierdie geval 2015) opgevolg sal word met 'n een dag teorietiese werkswinkel teen nominale koste, waartydens deelnemers die NSA status van toegewyde jagters sal ontvang .

Die 5 Modules wat aangebied sal word behels die volgende:

Module 1: Jag is Bewaring (teoreties – interaktiewe werkswinkel):
- Die Jag (verantwoordelikheid en aanspreeklikheid)
- Jagterskode (Vier kernwaardes en wat elk werklik beteken)
- Beginsels van volhoubare benutting van hernubare natuurlike hulpbrone

Module 2: Die Jagter se Gereedskapkas (teorie – interaktiewe werkswinkel)
- Vuurwapenveiligheid
- Jagvuurwapens en kalibers (vuurwapentegnologie)
- Algemene jagspesies en skootplasing
- Ballistiek (inleidend)

Module 3: Basiese Jag- en Skietkuns (Prakties – 22LR)
- Praktiese vuurwapenhantering en -veiligheid
- Praktiese jagskietkuns - skootplasing
- Basiese jagtegnieke

Module 4: Leer van die wat daar was (interaktiewe werkswinkel met bewese jagters)
- Gesprekke oor lesse uit die jagveld
- Debatte: Mites en stories

Module 5: Praktiese veldkuns
- Basiese beginsels van spoorsny
- Praktiese jagspesie-identifikasie en bekruipkuns
- Neem en plaas terug – uit die veld

Nota: geen van die voorgemelde Modules is bedoel om in 'n situasie van "his masters voice" afgehandel te word in 'n bo-na-onder benadering nie. Daar sal van deelnemende jongjagters verwag word om aan gesprekke deel te neem en hulle menings uit te spreek en te vorm – dis die enigste werklike wyse waarop ons kan leer en waarin ons, ons eie ingeligde opinies oor aspekte

van Die Jag kan formuleer.

Indien u daarin sou belangstel om u jongjagter aan die gemelde opleidingsgeleentheid te laat deelneem, in wat beloof om 'n geleentheid van uitstaande gehalte en kwaliteit te wees, moet u asb sonder versuim, en eerder vroeër as later, met Zeiler Dearlove kontak maak by zeiler.nsa@gmail.com of by 071-488-0291 – hy sal aan u verdere inligting kan verskaf - en u kan ook alles oor die insluiting van u jongjagter by die opleidingsgeleentheid by hom kry en ook by hom inskryf vir hierdie geleentheid (alles wat pa wil weet en ook alles wat ma sou wou uitvra oor).

Die koste vir die kursus beloop R1200-00 per deelnemer en sluit in twee nagte se gemaklike akkommodasie (ons kamp nie), kursus werk en studiehandleidings, ligte ontbyte, "brunch" en aandetes, gebruik van vuurwapens, ammunisie en teikens, en vervoer en die veldekskursie vir Module 5, plus vervoer vanaf die ontmoettingsplek na die jagplaas en weer terug; twee jaar se juniorlidmaatskap van NSA met outomatiese toelating tot die teoretiese werkswinkel in 2015 waartydens u jongjagter, teen nominal koste, toegewyde jagterstatus van NSA sal ontvang.

Ons moet met verantwoordelikheid die toekoms van ons gesamentlike erfenis van Die Jag verseker. Hier is u kans om deel van daardie versekeringspolis te help aankoop.

Die eerste twee kursusse van hierdie aard sal ongelukkig slegs in Gauteng aangebied word om die omvang, aanvraag en werkbaarheid daarvan te toets (net Noord-Oos baie naby aan Pretoria).

Dit beteken egter nie dat indien daar NSA lede is wat dieselfde oortuiging, inisiatief en energie as Zeiler Dearlove het om dieselfde kursus in hulle geografiese omgewing aan te bied, dit nie kan geskied nie. Kontak asb die NSA kantoor hieroor en ons sal u met Zeiler in verbinding plaas. Hy het aangedui dat hy meer as bereid is om sy ondervinding met u te deel en u op die wyse van hulp te wees.

Vriendelike Groete
Herman Els